Iosanthus amboensis (voorheen *Urginea amboensis)* Familie Hyacinthaceae

Min gesien, skaars gedokumenteer (1887 deur sendeling Rautanen versamel en beskryf, Plantstorie Nr.85 Okt.2018, A generic monograph of Urgineoidae, M.Martìnez-Azorìn, 2023)

Kom voor on N en NO van Namibië, dalk ook Botswana (nog nie bekend nie). Skaars sigbaar tussen droë vleigrasse op die vleikante in swart kleigrond in lente staan roomkleurige blomstele met roomkleurige langwerpige blomknoppe. Die plant lyk niksseggend. Laat namiddag begin een of twee blomme van onder af oopgaan en bly oop tot die volgende oggend; bestuiwing vind hoofsaaklik snags plaas.

Uit die blomme ontwikkel graskleurige saadkapsules met pikswart plat ronde sade. Die kasule spring oop en stel die sade vry.

Die blare ontwikkel eers nadat die saad ryp is in die somer. Hulle is groen, smal en effens gebuig en lyk asof hulle in die rondte wil draai. In die winter droog hulle heeltemal op en verdwyn. Al wat oorbly is die uibol in die harde swart kleigrond.

'n Mens kan veronderstel dat die plant giftig is.

Inligtingsbronne: Persoonlike samewerking met Mario Martìnez-Azorìn

Teks en foto's: Anka Eichhoff Oktober 2023